

Donderdag 20 September

Skrifgedeelte: Rigters 13:1-25

Fokusgedeelte: Rigters 13:2-5

Aan God gewy – ter wille van sy volk

Kinderloos en onderdruk – woorde vol hartseer en tragiek. Manoag se vrou was onvrugbaar en kinderloos. Sy en haar mede-Israeliete is reeds 40 jaar lank deur die Filistyne onderdruk. Die Engel van die Here het kom sê sy sou 'n seun in die wêreld bring wat die Israeliete uit die mag van die Filistyne sou begin kry. Die seuntjie sou van die moederskoot af aan God gewy wees. Goeie nuus in die oortreffende trap!

Mense wat hulle vir 'n bepaalde tyd aan God wou wye, kon 'n nasireërgelofte aflê (Num. 6). God het Simson lewenslank as nasireër aan Hom gewy. Sy ma moes daarom dieselfde voorskrifte as die nasireërs nakom. As teken van sy nasireërskap het God bepaal dat Simson se hare nie geskeer moes word nie. Ons het nie so 'n uiterlike teken dat ons deur Jesus Christus se verdienste aan die Here behoort nie. Ons leefwyse in navolging van Christus onder leiding van die Heilige Gees dien as bevestiging dat ons aan die Here behoort. Volgens Jesus bevestig ons onderlinge liefde dat ons sy dissipels is (Joh. 13:35).

God is en bly helend en verlossend betrokke by die enkeling, die gesin en by sy volk (sy kerk). Deur sy Seun het Hy ons syne gemaak. Anders as Simson wat die volk van hulle vyande sou begin verlos, het Hy volkome verlossing bewerk uit die mag van die sonde en Satan. Deur geloof, God se genadegawe aan ons deur sy Gees, kry ons deel aan hierdie verlossing (Ef. 2:8).

Sing: Psalm 99-1:3, 5 / Psalm 99-2:3, 4

Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)